

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 26 September 2021

VOTUM:

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

SEËNGROET:

Aan die gemeente van God in Wonderpark en
aan almal wat aan die Here behoort,
Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en
die Here Jesus Christus!

SKRIFLESING EN GEBED:

Teks: Sagaria 1:7-17 en Esra 3:1 en 6; 4:11-5:5 en 6:6-15

Tema: Die Ruiters op die rooi perd

Bouwerk kom tot stilstand: drome en toekomsverwagting lê aan skerwe

- Die Jode keer terug van ballingskap en begin onmiddellik met die bouwerk aan die tempel. Hulle beleef egter weerstand en na verskeie mislukte pogings skryf die opponente van die bouwerk 'n brief aan die Persiese koning.



- Artasasta gee opdrag dat daar onmiddellik met die bouwerk gestaak moes word. (Esra 3,4)
- Die werk aan die tempel in Jerusalem is gestaak, en dit het bly lê tot die tweede regeringsjaar van koning Darius van Persië. (Esra 4:24)

Tweede regeringsjaar van Darius: twee profete en brief aan Darius.

- In hierdié tydperk tree twee profete, Haggai en Sagaria, na vore wat die Jode aanmoedig om met die bouprojek voort te gaan en so begin hulle weer met die bouery.
- Die opponente het weer 'n poging aangewend om die bouprojek te stop en so skryf hulle 'n brief aan die nuwe koning, Darius. Hierdie brief is in die tweede regeringsjaar van Darius geskryf. (Esra 5:1-12)

God hou 'n oog oor die leiers.

- Terwyl die brief oppad na Darius was en hulle op 'n antwoord gewag het, het die bouprojek onder die wakende oog van God voortgegaan.
- Die werk is toegelaat om aan te gaan tot tyd en wyl daar aan Darius verslag gedoen is en daar van hom 'n beslissing oor die saak ontvang is. (Esra 5:5).

Nagvisioene van Sagaria

- In die vyf maande wat die Jode gewag het vir 'n antwoord van koning Darius, het Sagaria in die nag van 24 Februarie 519 vC agt nagvisioene (Sag 1:7-6:7) ontvang.
- God, wat 'n wakende oog oor hulle gehou het, wou vir Sagaria wys wat agter die skerms aan die gang is.
- Die visioene is vol simboliek en die doel was om die leiers en bouers aan te moedig om met die bouwerk voort te gaan en hulle te verseker dat Hy in hulle midde is.

1. Toneel een: die Ruiters op die rooi perd met sy verkenners. (Sagaria 1:7-11)

"Ek het in die nag 'n gesig gesien. Daar het 'n man op 'n bruin (rooi) perd gesit. Hy was tussen die mirtestruike in 'n diep kloof, en agter hom was ruiters op bruin (rooi) en vos en wit perde."



Ruiter op die rooi perd:

- **Wie? Engel van die Here**

Die Ruiter op die rooi perd is die Engel van die Here, die aanvoerder van die hemelse weermag. NT: Christus!

- **Rooi perd**

Die Ruiter op die rooi perd is uit op oorlog.

- **Mirte struik.**

Hy bevind Hom tussen die mirte struik wat 'n simbool van *geluk, voorspoed en vrede* was.

- **Diep kloof.**

Die struik is in 'n diep kloof aan die suide van Jerusalem wat 'n simbool is van die *diep gat* waarin die Jode hulle op daardie stadium bevind het.

Die verkenners van God:

- **Verkenners.**

Agter die ruiter op die rooi perd was sy verkenners op rooi, vos en wit perde wat die simbool van oorlog, genade en oordeel en oorwinning was;

- **Opdrag.**

Die ruiters was verkenners wat God uitgestuur om die wêreld te verken;

- **Terugvoering.**

Ons hét die wêreld deurkruis, en die hele wêreld is rustig en stil.

- **Apaties.**

Terwyl die Jode in 'n diep gat was, was die res van die wêreld stil en rustig: apaties oor die toestand van die Jode.

2. Die Ruiter op die rooi perd tree in vir die Jode (Sag 1:12)

- **Hoe lank nog?**

Here, Almagtige, hoe lank gaan dit nog duur voordat U U weer oor Jerusalem en die stede van Juda ontferm?

- **Lank genoeg.**

U toorn rus nou al sewentig jaar op hulle!



**3. Terwyl die Jode wag vir die antwoord van Darius, word hulle bemoedig.
(Sagaria 1:12-17)**

Die Here het die engel vriendelik geantwoord en hom bemoedig.

Roep en sê:

- **Liefde sonder grense.**

So sê die Here die Almagtige: Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion.

- **Groot ramp was nie My bedoeling.**

My toorn gaan losbreek teen die nasies wat nou so sorgvry woon, want my toorn teen Jerusalem was nie so groot nie; dit is die heidennasies wat dit so 'n groot ramp laat word het.

**DAAROM, SO SÊ DIE HERE, GAAN EK MY WEER OOR JERUSALEM
ONTFERM: HERNUWING VAN DROME EN TOEKOMSVERWAGTING**

- **Opbou van die tempel.**

My tempel daar gaan herbou word, sê die Here die Almagtige,

- **Opbou van Jerusalem.**

Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word.

- **Voorspoed: My stede**

Roep weer en sê: So sê die Here die Almagtige: My stede sal weer oorstrom word deur voorspoed.

- **Uitverkies.**

Ek, die Here, gaan weer genade betoon aan Sion, Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak.”

Opdrag van Darius:

Aan goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat: “Julle moet daar wegbly. Laat die werk aan daardie tempel ongehinderd voortgaan. Laat die goewerneur van die Judeërs en hulle leiers die tempel bou waar hy moet wees.

Danksy die optrede van die profete Haggai en Sagaria, seun van Iddo, het hulle goed gevorder. So kon hulle die gebou klaar maak soos die God van Israel hulle dit opgedra het en soos konings Kores, Darius en Artasasta van Persië beveel het. Die tempel is voltooi op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar van die regering van koning Darius.



- Christus bemoedig ons met sy kragvolle teenwoordigheid
- Christus bemoedig ons deurdat Hy vir ons by God intree.
- Christus bemoedig ons omdat Hy ons hartstogtelik liefhet en tot ons beswil optree. **AMEN!**

SEËNBEDE:

²Mag die Here u gebed verhoor
op die dag van nood,
mag die Naam van die God van Jakob
u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom
uit die heiligdom,
u bystaan uit Sion.

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer
en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning
en in die Naam van ons God
die vaandels ontplooi.

Mag die Here alles gee wat u vra.

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins erediens). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Vandag se erediens is geborg deur:



Renée Designs

MULTI MEDIA KUNSTENAAR



GRAFIESE ONTWERP
(PERSOONLIK OF KORPORATIEF)

SKILDERKUNS OP AANVRAAG
(SPESIALE OPDRAGTE,
MUURSKILDERYE, PORTRETTE, WILD, ENS)

RENEE@RENEEDESIGNS.CO.ZA • 071 682 1286
WWW.RENEEDESIGNS.CO.ZA

